**Sodat julle kan glo (OP257)**

**Joh 20:24-31**

**3 Mei 2026**

Laasweek het ons besin oor die Here Jesus se verskyning aan die dissipels laat die aand op Opstandingsondag toe hulle agter geslote deure vergader het. Hy het hulle twee maal gegroet met die woorde: "Vrede vir julle!" – immers het Hy vir hulle vrede met God bewerk gedurende die laaste paar dae. Hierdie vrede moet oor hulle gedagtes en harte waak. Hy het hulle ook uitgestuur die wêreld in, soos wat Sy Vader Hom na die wêreld gestuur het. Soos wat Hy gehoorsaam was aan Sy Vader se opdrag, so verwag Hy nou ook van die dissipels dat hulle gehoorsaam sal wees aan Sy opdrag aan hulle. Hy het hulle daaraan herinner dat hulle die Heilige Gees sal ontvang wat hulle enersyds sal inlei in die volle waarheid aangaande Homself, en wat hulle andersyds ook sal vergesel wanneer hulle in die wêreld getuig – die Heilige Gees sal dan die wêreld oortuig van sonde, geregtigheid en oordeel. Die Here Jesus het hulle ook herinner hoe groot hulle verantwoordelikheid is wanneer hulle getuig – die sondevergifnis van die persone teenoor wie hulle getuig, is op die spel.

Vandag wil ek stilstaan by die laaste gedeelte van Joh 20. In hierdie gedeelte lees ons van die ontmoeting van die Here Jesus met die dissipels op die volgende Sondag. Hierdie keer val die fokus veral op die ontmoeting van die Here Jesus met Thomas, wat nie die vorige Sondagaand teenwoordig was nie. Daarna sluit Joh 20 af met 'n samevatting van die doel wat Johannes gehad het met die skryf van sy evangelie. Ons kyk eerstens na die ontmoeting van die Here Jesus met Thomas, en daarna na die doel van die Johannes-evangelie.

<u>Die Here Jesus se ontmoeting met Thomas (Joh 20:24-29)</u>

In hierdie gedeelte lees ons van Thomas. Ons lees sy naam was ook Didimus – sy een naam is in Aramees, en die ander naam is in Grieks. Thomas was een van die twaalf dissipels. Dit beteken hy het die Here Jesus gevolg oor die loop van die laaste paar jaar, en ook dat hy Donderdagaand teenwoordig was tydens die bovertrekgesprek.

Ons lees op twee vroeëre plekke in die Johannes-evangelie van Thomas:

- Joh 11:16 – In hierdie hoofstuk lees ons van die Here Jesus wat Lasarus uit die dood opgewek het. Aanvanklik het die Here Jesus getalm om na Lasarus te gaan toe Hy gehoor het dat Lasarus siek was. Dit was eers nadat Lasarus gesterf het, dat Hy besluit het om wel na Lasarus te gaan. Die dissipels het die Here Jesus probeer keer om soontoe te gaan, want die vorige keer wat Hy in daardie omgewing was, wou die mense Hom stenig. Die Here Jesus het egter volgehou Hy wil gaan – sodat Hy Lasarus kan wakker maak, en sodat Sy dissipels kan glo. Dit was toe dat Thomas gesê het: "Kom ons gaan ook, sodat ons saam met Hom kan sterf."
- Joh 14:5 – Hierdie is deel van die bovertrekgesprek. Die Here Jesus het aan Sy dissipels verduidelik Hy gaan weg, en ook dat hulle nie kan saamgaan na waarheen Hy gaan nie. Hy gaan egter weg om vir hulle te gaan plek voorberei, en wanneer Hy klaar plek voorberei het, sal Hy na hulle terugkom, en hulle kom haal. Die Here Jesus het ook vir hulle gesê hulle ken die weg na die plek waarheen Hy nou gaan. Dit was toe dat Thomas gesê het: "Here, ons weet nie waarheen U gaan nie; hoe kan ons dan die weg ken?", waarop die Here Jesus geantwoord het: "Ek is die weg en die waarheid en die lewe."

Dikwels word na Thomas verwys as die "ongelowige Thomas". Ek dink dit is ietwat onregverdig om hierdie bordjie om Thomas se nek te hang. Kyk na Thomas se optrede tydens Lasarus-insident: Daar

was dit Thomas wat vir die ander dissipels gesê het dat hulle saam met die Here Jesus moet gaan, en as Hy sterf, dan sterf hulle maar saam met Hom. Ja, daar is miskien iets van 'n fatalistiese houding in Thomas – maar hy het saam met die Here Jesus gegaan ten spyte van die potensiële lewensgevaar wat dit ingehou het. Om net te sê hy was ongelowig, is ietwat kras. Tydens die insident in die bovertrek het Thomas 'n sinvolle vraag gevra – hy wou eenvoudig weet hoe hulle die weg behoort te ken as hulle nie eens weet waarheen die Here Jesus gaan nie. Hy wou verstaan wat die Here Jesus bedoel. Hy het geluister na wat die Here Jesus gesê het, maar nie verstaan nie, en daarom vra hy. Die feit dat hy vra, is tog positief. Hy wil verstaan. Die indruk uit hierdie twee insidente is dat Thomas aktief deel was van die dissipelgroep. Hy het aandag gegee aan wat gebeur. Hy was bereid om selfs sy lewe in gevaar te stel deur sy dissipelskap van die Here Jesus. En wanneer die Here Jesus hulle leer, luister hy, en wil hy verstaan wat die Here Jesus sê. Hy glo nie maar net blindelings nie – hy wil met insig die Here Jesus volg.

Lees vers 24. Dit is duidelik: Om een of ander rede was Thomas nie teenwoordig gedurende die byeenkoms van die dissipels die aand van Opstandingsondag nie – ons weet eenvoudig nie hoekom nie, en moet nie te vinnig gevolgtrekkings maak dat dit noodwendig 'n roekelose optrede van Thomas was nie. Lees vers 25. Natuurlik het die ander dissipels vir Thomas die opwindende nuus vertel – hulle het die Here Jesus gesien, en dit beteken dus die Here Jesus het uit die dood opgestaan! Sekerlik moes Thomas teruggedink het aan die opwekking van Lasarus uit die dood waar hyself teenwoordig was. Sekerlik het Thomas die opgewondenheid van die ander dissipels gesien. Maar Thomas is nie iemand wat net blindelings glo nie. Hy het geluister wanneer die Here Jesus leer, en as hy nie verstaan het nie, het hy gevra. Nou sien hy die opgewondenheid van die ander dissipels. Hy weet die Here Jesus het vir Lasarus opgewek. Maar beteken dit dat die Here Jesus ook self uit die dood kon opstaan? Hy is bereid om dit te glo – maar hy wil seker wees, hy wil feite hê wat dit bevestig. Volgens hom is daar twee dinge wat hom sal oortuig: Hy wil die merke van die kruisiging aan die Here Jesus se liggaam sien, en hy wil ook sy vingers en hand in hierdie wonde van die Here Jesus steek. Hy weet die Here Jesus het gesterf, as hy nou die wonde kan sien en dit kan aanraak – dan sal hy glo dat die Here Jesus werklik uit die dood opgestaan het. Ek kan my nogal identifiseer met Thomas se redenasie.

Lees vers 26. Dit is agt dae later, dit is met ander woorde weer Sondag. Weer is die dissipels bymekaar – maar hierdie keer is Thomas ook teenwoordig. Weer vergader hulle agter geslote deure – waarskynlik steeds uit vrees vir die Jode. Weer verskyn die Here Jesus aan hulle, en weer sê Hy vir hulle: "Vrede vir julle!"

Lees vers 27. En dan verskuif die Here Jesus se fokus na Thomas. Hy nooi Thomas uit: "Bring jou vinger hier, en kyk na My hande, en bring jou hand en steek dit in My sy; en moenie langer ongelowig wees nie, maar gelowig." Let op die volgende: Alhoewel die Here Jesus nie teenwoordig was toe Thomas gesê het hy wil sien en voel voordat hy sal glo nie, was die Here Jesus heeltemal bewus van wat Thomas as voorwaarde gestel het – Hy weet alles. Maar let ook op: Die Here Jesus wil Thomas oortuig. Hy nooi Thomas uit om presies dit te kom doen wat Thomas gesê het hom sal oortuig. Thomas moet kom kyk en voel – en dan moet hy glo, soos wat hy onderneem het om te doen. Dit is verstommend. Die Here Jesus het geweet Thomas was nie die vorige week daar nie. Hy geweet Thomas was wel hierdie aand daar. Hy het ook geweet van Thomas se worsteling. Hy het geweet wat Thomas gesê het hom sou oortuig. Dan kom die Here Jesus op hierdie tweede Sondag, en nooi Thomas uit om juis dit te doen. Die Here Jesus wil hê die denkende, bevraagtekenende Thomas, wat hom wel gevolg het selfs te midde van gevaar, moet oortuig wees en glo.

Dit is nie heeltemal duidelik of Thomas net die wonde gesien het, en of hy ook daaraan geraak het nie. Uit die res van die gedeelte lyk dit of die sien van die Here Jesus en Sy wonde voldoende was,

maar sommiges lei uit gedeeltes soos 1 Joh 1:1, waar Johannes skryf dat hulle Hom ook aangeraak het, af dat Thomas dalk ook gevoel het. Ek laat dit daar.

Lees vers 28. Dan maak Thomas daardie kosbare belydenis: "My Here en My God!" Thomas het gesien en geglo! Wat so kosbaar aan hierdie belydenis is, is die volgende: As Thomas die woord "Here" gebruik, dan gebruik hy die Griekse woord "Kurios". Dit beteken Thomas erken die Here Jesus as die Een wat sy Meester is, sy Eienaar, sy Heerser of sy Koning is. Dit is ook die Naam wat Griekse vertalings van die Ou Testament gebruik vir Jahwe, dus die Verbondsgod. Boonop bely Thomas die Here Jesus is ook sy God – hy erken die Here Jesus is God. Thomas was 'n toegewyde dissipel van die Here Jesus. Hy het geluister wanneer die Here Jesus hulle geleer het. Hy het gevra as hy nie verstaan nie. Sedert die vorige Sondagaand toe die ander dissipels die Here Jesus gesien het, moes hy sekerlik baie gedink het oor alles wat gebeur het – is dit werklik waar dat die Here Jesus opgestaan het? En as dit waar is, wat beteken dit? En nou, nou het Hy die opgestane Here Jesus gesien – met die wonde om te bewys dit is Hy wat daardie Vrydag gekruisig is. En dan verstaan hy: Die Here Jesus is nie maar net 'n mens, soos Lasarus, wat uit die dood opgestaan het nie, nee, Hy is baie meer: Hy is Here en God! Trouens: Hy is nie maar net Here en God nie – Hy is sý, Thomas Didimus, se Here en God! Al is Hy God, het Hy gesterf en opgestaan – ook vir hom, vir Thomas Didimus! Ja, miskien het Thomas nog nie alles goed begryp nie, maar hy het genoeg begryp dat die Here Jesus Here en God is, en ook dat die Here Jesus sý Here en God is.

Lees vers 29. Die Here Jesus wys daarop dat Thomas geglo het omdat hy gesien het. My indruk is dat ons dikwels Thomas hieroor wil veroordeel – ons oordeel Thomas moes eers gesien het, voordat hy geglo het. Maar let mooi op: Johannes het die vorige Sondag geglo – eers na hy gesien het – hy het die linnedoeke in die graf gesien en geglo (Joh 20:8). Maria Magdalena het die vorige Sondagoggend geglo – eers na sy die Here Jesus gesien het, en Hy met haar gepraat het (Joh 20:16). Die ander dissipels het die vorige Sondagaand eers geglo nadat die Here Jesus in hulle midde verskyn het en hulle Sy hande en sy gewys het (Joh 20:20). Die punt is: Hulle almal het eers gesien, en toe geglo. Thomas was nie die enigste een wat eers gesien en toe geglo het nie. Hy was net nie die vorige Sondag teenwoordig nie, en moes 'n week wag voor hy gesien en geglo het. En wat hy gesien het, was dieselfde as wat die ander dissipels die vorige Sondagaand gesien het. Wat wel uitstaan rakende Thomas, is dat toe hy gesien en geglo het, het hy daardie groot belydenis gemaak: "My Here en My God". Die enigste ander een wat 'n soortgelyke belydenis uitgespreek het, was Maria Magdalena wat gesê het: "Rabboeni!", "Leermeester!". Maar Thomas sê baie meer: "My Here en my God!" I.p.v. dat hy die titel "ongelowige Thomas" verdien, verdien hy eerder die titel "insigvolle gelowige Thomas"!

En dan maak die Here Jesus die uitspraak: "Gelukkig is hulle wat nie gesien het nie, en tog tot geloof gekom het." Die feit van die saak is dat die Here Jesus binnekort sou opvaar hemel toe, soos wat Hy die vorige Sondag aan Maria Magdalena gesê het (Joh 20:17). Die eenvoudige resultaat is dat Hy dan nie meer sigbaar sou wees vir mense soos wat Hy die afgelope week na Sy opstanding sigbaar was nie. Tot nou toe het almal wat geglo het, Hom gesien – en as resultaat van die feit dat hulle die opgestane Here Jesus gesien het, geglo. Maar binnekort gaan Hy weg. En Hy het hulle juis die vorige Sondagaand daaraan herinner Hy stuur hulle na die wêreld toe waar hulle moet gaan getuig en mense tot geloof in Hom roep. Maar daardie mense teenoor wie hulle moet gaan getuig, sal Hom nie kan sien soos wat hulle wat daar bymekaar was, Hom gesien, en dus geglo, het nie. En tog gaan baie van die mense teenoor wie hulle getuig wel tot geloof kom. En die Here Jesus sê hierdie mense is gelukkig – hulle is gelukkig omdat hulle glo, al het hulle Hom nie gesien nie. Ons wat in die 21ste eeu leef en wat in die Here Jesus glo, is deel van hierdie mense wat glo, al het ons nie die opgestane Here Jesus gesien nie. En die Here Jesus sê: "Gelukkig is julle!"

Doel van die Johannes-evangelie (Joh 20:30-31)

In die 2020 DAV is daar die opskrif "Doel van die Evangelie" voor vers 30, bedoelende dat verse 30-31 'n beskrywing is van die doel van die Johannes-evangelie. En dit is heeltemal geldig en 'n sinvolle opskrif vir hierdie twee verse. Baie ander vertalings het egter nie hierdie opskrif nie. En hierdie benadering is netso geldig. Alhoewel die teenwoordigheid van die opskrif duidelik die doel van die evangelie uitlig, is die resultaat van die opskrif dat ons geneig is om verse 30-31 apart te lees van verse 24-29, terwyl daar 'n noue verwantskap is tussen hierdie twee gedeeltes. Ek hoop hierdie verwantskap sal duidelik woord soos wat ons vorder.

Lees vers 30. Johannes maak die stelling dat die Here Jesus nog baie tekens gedoen het wat hy nie in hierdie boekrol, d.w.s. wat nie in die Johannes-evangelie, opgeteken is nie. Dit is 'n saak wat ons al vantevore na verwys het. Mark Johnston maak die opmerking dat daar in totaal in al vier die evangelies gesamentlik 35 tekens, of as jy wil, wonderwerke beskryf word wat die Here Jesus gedurende Sy openbare optrede gedoen het – maar Johannes beskryf net 7, dit is net 20%. Die 7 waarna Johannes verwys is: verandering van water in wyn, die genesing van die amptenaar se seun, genesing van die man by die bad van Betesda, die vermeerdering van die brood, die Here Jesus wat op water loop, die genesing van die blindgebore man, en die opwekking van Lasarus. Daar is soveel meer tekens wat Johannes kon beskryf het – daar is moontlik ook selfs tekens wat in nie een van die evangelies beskryf is nie. Ons het ook 'n paar weke gelede opgelet dat wanneer Johannes die kruisiging van die Here Jesus beskryf, is daar ook baie detail wat hy doodeenvoudig uitgelaat het. Uit vers 30 is dit duidelik dat Johannes sê hy is bewus hiervan. Johannes wil dus aan ons kommunikeer hy het 'n doelbewuste keuse gemaak van wat hy ingesluit het, en wat nie. Ons kan dus aflei dat Johannes 'n spesifieke doel gehad het met sy evangelie – 'n spesifieke punt wat hy wou onderstreep. Alles wat hy ingesluit het, bou op na hierdie doel van sy geskrif. Onthou verder, teen die tyd dat Johannes sy evangelie geskryf het, was die ander drie evangelies reeds geskryf. T.s.v. die bestaan van hierdie evangelies, het Johannes, o.l.v. die Heilige Gees geoordeel, daar is 'n behoefte om nog 'n evangelie te skryf om 'n spesifieke saak te onderstreep.

Lees vers 31. Hier verduidelik Johannes hoekom hy sy evangelie geskryf het – wat hierdie punt is wat hy wil onderstreep. Die eerste saak waarvan ons moet kennis neem is dat hy sê hy het dit geskryf sodat sy lesers kan glo. Onthou hy het waarskynlik sy evangelie geskryf iewers in die 90's nC – m.a.w. lank nadat die Here Jesus opgevaar het hemel toe. In vers 29 het die Here Jesus juis die opmerking gemaak dat diegene wat glo sonder dat hulle Hom gesien het na Sy opstanding uit die dood, is gelukkig. Johannes sê maar dit is juis hoekom hy skryf. Hy skryf aan die mense wat nie die Here Jesus fisies gesien het na Sy opstanding nie – en hy skryf aan hulle sodat hulle kan glo, en dus by implikasie sodat hulle gelukkig kan wees, soos wat die Here Jesus daardie tweede Sondag na Sy opstanding gesê het. Dit is juis om hierdie rede dat ons nie verse 30-31 los moet maak van verse 24-29 nie – verse 30-31 vloei logies voort uit die Here Jesus se opmerking in vers 29.

Johannes se doel met sy evangelie is dus sodat sy lesers kan glo. Mark Johnston skryf en sê egter dat geloof een van daardie vae en selfs glibberige terme is in godsdienstige kringe. Baie godsdienstiges sal erken dat dit belangrik is om te glo. Maar wat beteken dit? Is enige geloof goed genoeg? En as dit goed genoeg is, vir wat is dit goed genoeg? Ons loop die gevaar dat ons redeneer geloof in geloof is goed genoeg. Juis daarom is die res van vers 31 so belangrik – Johannes wil baie duidelik maak dat geloof kardinaal belangrik is, maar hy wil ook baie duidelik maak watter geloof baie belangrik is, sowel as vir watter doel hierdie geloof belangrik is. Daar moet geen twyfel oor bestaan nie – dit is juis hoekom hy sy evangelie geskryf het!

**So wat is Johannes se doel?** Sy doel is dat sy lesers moet glo.

**Wat is dit wat hulle moet glo?** Hulle moet glo die Here Jesus is die Christus en hulle moet glo Hy is die Seun van God.

**Hoekom moet hulle juis dit glo?** Want dan kan hulle die lewe in Sy Naam hê.

Kom ons besin oor elkeen van hierdie drie dele:

**Johannes se doel is dat sy lesers moet glo:** Die harde realiteit is dat die Here Jesus reeds opgevaar het hemel toe teen die tyd dat Johannes skryf. Daarom is dit nie meer moontlik om die opgestane Here Jesus met ons fisiese oë te kan sien nie. En daarom skryf Johannes. Hy skryf oor die Here Jesus – oor wat Hy gedoen – hy beskryf van Sy tekens. Wanneer hy die Here Jesus se tekens beskryf, gee Johannes ook baie detail oor die Here Jesus se lering wat voortgevloei het uit daardie teken. Ons het gesien Johannes het ook in detail die Here Jesus se lering in die bovertrek bespreek. In sy beskrywing van die Here Jesus het Johannes moeite gedoen om te beskryf die Here Jesus het waarlik gesterf. In sy beskrywing van die Here Jesus se opstanding het Johannes moeite gedoen om sy lesers te oortuig die Here Jesus het waarlik opgestaan. En die rede hiervoor? Sodat daar geen twyfel by sy lesers moet wees nie: Die Here Jesus het gesterf en opgestaan. Hulle het hierdie oortuiging nodig om te kan glo.

**Johannes se doel is dat sy lesers moet glo dat die Here Jesus die Christus is, en dat Hy die Seun van God is:** Kom ons dink oor hierdie twee stellings oor die Here Jesus afsonderlik:

**Die Here Jesus is die Christus:** Nou moet ons onthou wat die term "Christus" beteken – dit beteken die Here Jesus is die Messias, oftewel Hy is die "Gesalfde". Dit is opvallend hoe dikwels hierdie onderwerp juis ter sprake gekom het deur die loop van Johannes se evangelie. Ek verwys na enkele gevalle:

- Toe Andreas deur die Here Jesus as dissipel geroep is, het hy direk na sy broer Simon Petrus gegaan en vir hom gesê: "Ons het die Messias gevind" (Joh 1:40)
- Nadat die Here Jesus die blindgebore man gesond gemaak het en daar 'n geredekawel ontstaan het oor wie die Here Jesus nou eintlik was, het die Jode besluit om elkeen wat Hom as die Christus erken, uit die sinagoge te verban (Joh 9:22)
- Net voor Lasarus se opwekking uit die dood, het Martha vir die Here Jesus gesê: "Ja, Here, ek glo dat U die Christus is, die Seun van God, Hy wat na die wêreld kom" (Joh 11:27)

As die Here Jesus die "Gesalfde" is, beteken dit dat Hy die beloofde en gesalfde Priesterkoning is. Kom ons besin eers oor die Here Jesus as die beloofde Hoëpriester. Een van die rolle van die hoëpriester in die Ou Testament was dat hy op die groot versoendag in die Allerheiligste moes ingaan om versoening te doen vir die volk se sondes. Vergelyk dit nou met 'n paar beskrywings in die Johannes-evangelie:

- Johannes die Doper het oor die Here Jesus getuig: "Kyk, die Lam van God wat die sondes van die wêreld wegneem!" (Joh 1:29)
- Tydens die reiniging van die tempel het die Here Jesus juis na die tempel van Sy liggaam verwys. Dit was tog juis in die tempel wat die hoëpriester hulle versoeningswerk moes uitvoer (Joh 2:21)
- Tydens die Here Jesus se kruisiging het Johannes juis beskryf hoe een soldaat aan die voet van die kruis die Here Jesus se volledige onderkleed ontvang het, terwyl die

Here Jesus naak aan die kruis gehang het – wat juis 'n heenwysing was na die geregtigheid wat die Here Jesus as die ware Hoëpriester bewerk het (Joh 19:24)

Maar as Gesalfde, is die Here Jesus ook die ware Koning. Ook dit het Johannes op verskeie plekke in sy evangelie onderstreep:

- Dink maar net aan die intog van die Here Jesus in Jerusalem. Daar het ons gelees: "Hosanna! Geseënd is Hy wat kom in die Naam van die Here!" "Die Koning van Israel" "Moenie vrees nie, dogter van Sion. Kyk, jou Koning kom, Hy sit op 'n donkievul" (Joh 12:13-14)
- Of dink aan die beskuldiging voor Pilatus dat Hy gesê het Hy is die Koning van die Jode (Joh 18:33)
- En onthou die kennisgewing wat Pilatus aan die kruis laat aanbring het: "Jesus, die Nasarener, die Koning van die Jode" (Joh 19:19)

**Die Here Jesus is die Seun van God:** Johannes se doel met sy evangelie is egter ook sodat sy lesers kan glo dat die Here Jesus die Seun van God is. Dit kom ook herhaalde male in sy evangelie na vore:

- In Joh 1 maak Johannes dit al duidelik. Hy beskryf die Here Jesus as die Woord, wat nie net by God was van die begin af nie, maar Hy was ook God (Joh 1:1). Later beskryf Hy die Here Jesus se vleeswording en dat ons Sy heerlikheid aanskou het – 'n heerlikheid soos die van die unieke Seun van die Vader – vol genade en waarheid (Joh 1:14). Hy beskryf die Here Jesus as "die unieke Seun, self God, wat teen die bors van die Vader is" (Joh 1:18)
- Die Here Jesus het die volgende van Homself gesê: "Ek ken Hom (dit is: die Vader), omdat Ek van Hom af kom en Hy My gestuur het" (Joh 7:29)
- Voor Pilatus het die Jode Hom juis daarvan beskuldig dat Hy gesê het Hy is die Seun van God (Joh 19:7)

**Johannes wil juis dat Sy lesers glo dat die Here Jesus die Christus en die Seun van God is, sodat hulle dan die lewe in Sy Naam kan hê:** Johannes se doel is nie net om ons as sy lesers te oortuig van wie die Here Jesus is nie – so heerlik as wat dit op sigself is. Johannes se punt is dat die Here Jesus Homself aan ons geopenbaar het as die Christus en as die Seun van God met 'n doel – naamlik dat ons dan in Hom en deur Hom die lewe kan hê. Ook dit kom herhaalde male in die Johannes-evangelie na vore:

- Aan Nikodemus het die Here Jesus geleer: "Want so lief het God die wêreld gehad dat Hy Sy unieke Seun gegee het, sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore sal gaan nie, maar die ewige lewe sal hê" (Joh 3:16)
- Aan die regeringsamptenaar wie se seun siek was, het die Here Jesus gesê: "Jou seun leef" (Joh 4:53)
- Oor Sy volmag het die Here Jesus gesê: "Want soos die Vader dooies opwek en lewend maak, so maak die Seun ook lewend wie Hy wil" (Joh 5:21)
- Na die vermeerdering van die brood het die Here Jesus geleer: "Ek is die brood van die lewe" (Joh 6:35)
- Aan die Jode het die Here Jesus gesê: "As iemand My woord bewaar, sal hy die dood tot in ewigheid nie sien nie" (Joh 8:51)
- Vir Martha het die Here Jesus gesê: "Jou broer sal lewe" – en toe wek Hy hom op uit die dood (Joh 11:23)

- Vir Thomas het die Here Jesus gesê: "Ek is die weg en die waarheid en die lewe" (Joh 14:6)

En asof dit alles nie genoeg getuienis is dat Johannes ons juis wil oortuig van wie die Here Jesus is nie, onthou ook nog Joh 5 waar die Here Jesus beskryf het daar is ten minste 6 Getuies wat oor Hom getuig: die Here Jesus self, Johannes die Doper, die werke van die Here Jesus, God die Vader, die Skrifte en ook Moses!

Dit is duidelik: Die doel met Johannes se evangelie is dat hy, onder die leiding van die Heilige Gees, ons as sy lesers wil oortuig die Here Jesus is die Christus en Hy is die Seun van God. En as ons dit glo, dan kan ons deur Hom die ewige lewe hê. Ja, die dissipels, insluitend Thomas, en ook Maria Magdalena het dit geglo nadat hulle die opgestane Here Jesus fisies gesien het. Maar ons kan dit glo, op grond van wat onder andere Johannes in sy evangelie beskryf het. Al kan ons nie die Here Jesus sien nie, kan ons seker wees, en kan ons met integriteit glo. Selfs al is ons krities van geaardheid soos Thomas, selfs al glo ons nie voor ons die bewyse het nie – steeds kan ons glo. Johannes het sowat 60 jaar na die Here Jesus se opstanding en hemelvaart gesien dat daar behoefte is om juis hierdie punt dubbel en dwars te onderstreep. En daarom het hy hierdie evangelie-boek neergeskryf. En ons mag dit lees. En ons het die geleentheid gehad sedert die begin van laasjaar om stelselmatig deur hierdie boek te werk en dit in detail te oordink. En ek hoop en vertrou dat dit ook vir julle geloof versterkend was, soos wat dit vir my geloof was.

Prys die Here. Die Here Jesus is voorwaar die Christus, en Hy is die Seun van God. En deur in Hom te glo, het ons die lewe – die ewige lewe.